Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

6 November 2020

Die Hoërskool Wonderboom

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. LIEF EN LEED

Graag verwelkom Die Hoërskool Wonderboom ons nuwe adjunkhoof, mnr. A Nortman. Mnr. Nortman verskuif vanaf Hoërskool Akasia, waar hy ook diens as adjunkhoof gelewer het. Mnr. Nortman - Mag u weklik geseënd wees hier in Wonnie-land.

Baie welkom!

2. EKSAMEN

Die graad 8-11 geskrewe toetsreeks begin op 16 November. Geen bloktyd word vooraf aan leerders gegee nie, aangesien dit deur die Departement van Onderwys as slegs 'n toetsreeks gesien word. Ten einde leerders wel tegemoet te kom, sal hulle slegs skryf, waarna hulle huis toe kan keer om verder voor te berei.

3. RAPPORTE

Graad 12-leerders het op Woensdag 4 November, via e-pos, hul jaarpunt-rapport ontvang. Let egter daarop dat 'n "a" vir alle leerders in kwartaal 2 toegeken is, aangesien geen Junie-eksamen plaasgeving het nie. Die Kwartaal 2 punte moet egter volgens departementele riglyne, op die rapport reflekteer, aangesien daar in sekere vakke wel assesserings gedoen is.

Graad 8-11 leerders het op Donderdag 5 November 'n vorderingsverslag ontvang. Hierin word die detail van elke taak/toets vir kwartaal 1 en kwartaal 3 uiteengesit. Ouers moet daarop let dat take/toetse sekere gewigte dra en daarvolgens word die finale punt vir die vak bepaal. 'n Jaarpunt-rapport sal ook later uitgegee word.

Vergewis u asseblief van u kind se huidige akademiese prestasie, voordat die finale toetsreeks begin.

4. HANDBOEKE

Handboeke is op 'n leenbasis vir die jaar aan leerders verskaf. U as ouer bly egter verantwoordelik vir die inhandiging van alle handboeke soos aan die kind uitgereik. Die graad 12-leerders moet daagliks, voor die aanvang van elke sessie, hul handboeke vir die spesifieke vak, by die boekstoor in die kabinet plaas. Graad 8 tot 11-leerders se handboeke sal daagliks in die spesifieke klas waarin hul skryf, opgeneem word. Indien 'n leerder nie 'n handboek inhandig nie, sal u as ouer die kostes daarvoor moet dra.

5. ALGEMENE OUERVERGADERING: BEGROTING VIR 2021

Die algemene ouervergadering rakende die begroting vir 2021 het op 5 November plaasgevind. Alhoewel daar nie 'n korum teenwoordig was nie, is die begroting voorloping hanteer. Die ratifikasie van die bogenoemde begroting sal egter eers op 26 November plaasvind. Indien enige ouers dus nog 'n insae wil lewer, kan hulle op 26 November om 17:00 die vergadering bywoon.

6. SPORT-KONDISIONERING

Die Departement van Onderwys het toestemming gegee dat sport-voorbereiding weer by skole kan plaasvind. Aangeheg is dié kondisioneringsprogram. Die program fokus nie op 'n spesifieke sportsoort nie, maar het ten doel om algemene kondisionering te hanteer. Alle Covid-regulasies sal ook nagekom word.

DOGTERS-KONDISIONERING:

DATUM (DAG)	TYD	JUNIORS: GRAAD 7-9	SENIORS: GRAAD 10-11
2/11 Ma (2)	14:20 – 15:10	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
3/11 Di (1)	14:20 – 15:10	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
4/11 Wo (2)	14:20 – 15:10	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
5/11 Do (1)	14:00 – 14:50	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
9/11 Ma (1)	14:20 – 15:10	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
10/11 Di (2)	14:20 – 15:10	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
11/11 Wo (1)	14:20 – 15:10	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
12/11 Do (2)	14:20 – 15:10	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
EKSAMEN			
16/11 Ma	11:30 – 12:15	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
17/11 Di	11:30 – 12:15	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
18/11 Wo	11:30 – 12:15	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**
19/11 Do	11:30 – 12:15	**HOKKIEVELD**	**B-RUGBYVELD**

SEUNS-KONDISIONERING:

	DAG	TYD	JUNIORS: GR 8 – 10 SEUNS	SENIORS: GR 11-SEUNS
1	Maandag	14:15 – 15:15	**GIMNASIUM**	**GIMNASIUM**
2	Dinsdag	14:15 – 15:15	**GIMNASIUM**	**A-RUGBYVELD**
3	Woensdag	14:15 – 15:15	**A-RUGBYVELD**	**GIMNASIUM**
4	Donderdag	14:15 – 15:15	**A-RUGBYVELD**	**A-RUGBYVELD**

ALGEMENE REËLINGS:

- Leerders moet hul eie waterbottel, handdoek en tekkies by elke oefening hê.
- Dogters: Daar sal kegels beskikbaar wees vir meisies om hul eie afgebakende gebied te skep, waarin hul al die oefening kan doen.
- COVID-19 regulasies geld ten alle tye vir afrigters en leerders.
- Sanitasie sal voor en na elke sessie plaasvind.
- Die register moet voor elke sessie voltooi word.
- Leerders moet met maskers by oefeninge opdaag en met maskers, na die oefening, die terrein verlaat.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF